

Laerskool DE KUILEN Primary  
Kerkstraat  
KUILSRIVIER  
7580



021-9034160  
021-9033560  
PO Box 50  
[admin@dkps.org.za](mailto:admin@dkps.org.za)

# Graad 2 EJvR

## Huiswerk vir 20 – 30 April 2020



## **Goeie dag ouer(s),**

Ons hoop u is gesond, gelukkig en veilig. Hierdie dokument sal vir u die werk voorsien vir die volgende twee weke. Gebruik dit asb tot die beste van u vermoë. Indien u nie hierdie werksvelle kan uitdruk nie, skryf dit oor in die huiswerkboek. Indien u die werksvelle kan uitdruk, plak dit in die huiswerkboek. Ons het u voorsien van werkvelle, verduidelikings en 'n tuiswerk-skedule om u deur die werk te help. Voel asb vry om ons enige tyd op die Whatsapp-groep te vra sou iets onduidelik wees.

**Baie dankie vir wat u doen en reeds gedoen het.**

**Aan al die ouers wat noodsaaklike workers is – DANKIE!**

**Afrikaans Huistaal – 2EJVR**  
**(Slegs vir Afrikaanse Gr.2 leerders)**  
**Week 3 (20-24 April) en week 4 (28-30 April)**

**Luister en Praat:**

**Wenk aan ouers:** Hierdie afdeling in Huistaal gaan daaroor dat leerders moet **LUISTER** en instaat wees om dit wat hulle “**gehoor**” d.m.v. vrae, tekeninge ens. te kan beantwoord.

**Week: 3 en 4:**

**Opdrag: 1 (Doen ten minste 2 stories en 2 gedigte)**

Ouers kies 'n storie of gedig oor plaasdiere en lees dit aan leerder voor.

Leerder luister. Ouer kan “Google” vir voorbeeld.

Ouer vra vrae oor die storie of die gedig. Vermy net ja of nee antwoorde.

Vrae bv. van hoeveel diere is in die storie of gedig gepraat?

Noem die diere op wat in die storie of gedig was. ens.

**Mondelinge Opdrag vir kwartaal 2 se Assessering:**

**Onderwerp:** My gunsteling wilde dier

**Ouers:** Gesels met u kind oor die verskillende wilde diere.

Laat die kind nou sy/haar gunsteling wilde dier kies.

Help u kind om inligting en prente bymekaar te maak oor hierdie spesifieke Wilde dier.

Lees saam met u kind deur hierdie inligting.

Laat u kind nou vir u vertel wat hy/sy wil sê oor die wilde dier.

Help nou u kind en sit sy/haar mondeling op skrif. Skryf dit!!!

Sleutelkaartjies werk goed.

Kontroleer u as ouer nou hierdie mondelinge opdrag, pas aan en verander waar nodig.

Neem nou die prente en sorg dat dit ooreenstem met dit wat in u kind se mondeling staan en maak 'n plakkaat of enige ander hulpmiddel(s) wat u kind kan gebruik tydens sy/haar aanbieding.

**Leerder:** Begin en lees nou jou mondeling elke dag.

Later moet jy dit begin opsê vir jouself, totdat jy dit vlot kan opsê.

Jy mag jou geskrewe kaartjies by jou hou, en nou-en-dan daarop kyk. **NIE AFLEES NIE!!!!!!**

**Ouers:** Laat u kind dat ook vir u begin opsê nadat hy/sy dit al taamlik vlot ken.

**Totdat u as ouer tevrede is met u kind se aanbieding.**

**Let op na vlotheid, oogkontak en goeie inhoud asb.**

## Bl.2

### Klanke:

Wenk aan ouers: Klanke moet geskryf word!!!

Ouers: Al die klanke is in u kind se Wit Klankeboek kwartaal 2, hulle het dit by hulle. Volg net die stappe daarin asb.

Leerders: Skryf en doen die klanke in jou Wit Klankeboek kwartaal 2.

Wenk aan ouers: As u kind sukkel met hierdie meer gevorderde klanke, gebruik dan kleur soos volg: Bv. blaar of braai

Hersien: Bl.2 tot 5.

(Hulle het dit mos nou klaar in Wit Klankeboek kwartaal 2 gedoen.)

- Verduidelik betekenis van woorde aan u kind
- Laat leerder die woorde weer in Groot huiswerkboek oefen. (Skryf)
- Vra nou 'n toetsie oor hierdie woorde. Bv. omdraai/boomblaar
- Onthou ek assesseer saamgestelde woorde soos byvoorbeeld genoem
- Leerders moet ook sinne met ten minste 2 woorde uit elke groep kan skryf.

### Nuwe klanke vir week 3 en 4:

Ouers: Leerders doen dit in hulle Wit Klankeboeke Kwartaal 2.

Leerders: Skryf dit in hulle Wit Klankeboeke Kwartaal 2.

Bl. 6 gl- woorde, Bl.7 gr-woorde, Bl. 8 kl-woorde, Bl. 9 kr-woorde.

Ouers: Sorg asb. dat die leerders alles wat op die blad geskryf moet word skryf asb.

### Lekker besigbly oefeninge:

Oefening: 1

Skeur 'n blad uit 'n tydskrif of koerant. Gee vir u kind 'n gekleurde kryf.

Laat u kind bv. al die bl- woorde rooi omkring wat hy of sy op die blad kan sien, en die br- woorde pers ens.

Oefening: 2

Laat u kind nou hierdie woorde waty hy of sy omkring het op 'n wit blad neerskryf.

### BI.3

#### Lees:

**Wenk aan ouers:** Lees gaan oor vlotheid en begrip.

Begrip is of die kind kan onthou wat hy of sy gelees het en vrae daaroor kan beantwoord.

**Ouers:** Leerders het hulle Afr.Files by hulle met leeslyste in, hulle het ook 'n nuwe leesboek by hulle wat ek uitgedeel het.

**Hersien:** Alle leeslyste van woordeskat van kwartaal 1.

Leerders moet dit asb. **VLOT** kan lees.

**Ouers:** Lees ook kort **storieboekies** en **gedigte** saam met u kind.

Laat hy/sy nou hierdie boekie/gedig vir u op hulle eie terug lees.

Let asb. daarop dat die kind die presiese woorde lees wat daar staan en nie hulle "eie woorde" lees nie.

Vra nou vrae oor hierdie stories en gedigte vir u kind. (begripsvrae)

"Google" Afrikaanse stories en gedigte vir graad 2 leerders.

Doen asb. die **Rooi Hennetjie**.

#### Nuwe werk:

In Afr.File blaai na kwartaal 2.

Doen die nuwe leeslys wat daarin is.

Lees die nuwe leesboek wat leerder by hulle het.

Vra vrae oor die nuwe leesboek.

#### Handskrif:

**Ouers:** Leerders skryf en oefen in hulle **groot huiswerkboeke** die volgende letters.

Letters moet tussen die lyne geskryf word en bo en onder aan die lyne raak, met die korrekte letterformasie asb.

Leerders moet asb. so min as moontlik uitvee.

U kan die eerste letter maak en die leerder voltooi die ry.

#### Letters en skryfwerk wat leerder moet oefen asb:

1. mM , nN, yY, hH

2. Skryf 2 bladsye uit jou leesboek oor in jou groot huiswerkboek.

## Taalstruktuur en gebruik:

Ouers: -Taal moet uit die **kop** geleer word en moet **geskryf** kan word.  
 - Korrekte **spelling** tel.

### Ouers:

#### Geskommelde sinne:

Gee vir u kind 'n geskommelde sin.

U kind moet dan die sin onder daardie sin korrek oorskryf.

Bv. hond My se is Wagter naam.

My hond se naam is Wagter.

(Let op na spasiëring, hoofletters en punktuasie asb.)

Doen baie van hierdie voorbeelde asb.

### Diere:

Leerders moet ken: manlik/vroulik, kleintjies, dieregeluide, blyplekke

Leeders moet dit **ken** en **korrek** kan **skryf** asb.

<b>Dier</b>	<b>manlik</b>	<b>vroulik</b>	<b>kleintjie</b>	<b>blyplek</b>
vark	beer <u>Geluid:</u> snork	sog <u>Geluid:</u> snork	varkie <u>Geluid:</u> snork	varkhok
hoender	haan <u>Geluid:</u> kraai	hen <u>Geluid:</u> kekkel	kuiken <u>Geluid:</u> piep	hoenderhok
perd	hings <u>Geluid:</u> runnik	merrie <u>Geluid:</u> runnik	vul <u>Geluid:</u> runnik	perdestal
skaap	ram <u>Geluid:</u> blêr	ooi <u>Geluid:</u> blêr	lam <u>Geluid:</u> blêr	skaapkraal
beeste	bul <u>Geluid:</u> bulk	koei <u>Geluid:</u> bulk	kalf <u>Geluid:</u> bulk	kraal
hond	reun <u>Geluid:</u> blaf	teef <u>Geluid:</u> blaf	hondjie <u>Geluid:</u> blaf	hondegok

### Hersien:

Ouers: Alles wat leerders moet hersien is in die Afr-File

Hoofletters, punktuasie, rymwoorde, voorsetsels, lettergrepe.

Hersien ook bognoemde tabel oor diere weer 'n keer asb.

**FAL Engels**  
(Vir Gr.2 EJvR – Afrikaanse leerders)  
**Kwartaal : 2**

**Listening and Speaking:** The focus is on listening and answering

Week: 20 – 24 April

Parent: “Google” the story of Hansel and Gretel, if it is not possible use any other story that is age appropriate for 7/8 year old kids.

Read the story to your kid.

Learner: Learner **listens** to the story.

Parent: Asks questions about the story.

Learner: Answers the questions in **full sentences**.

Week: 28 – 30 April

Do exactly the same as in week 3, using another story.

**Phonics:** The focus is on sounding and correct spelling of the words.

Please use the **Eng.File** of your child.

Week: 20 – 24 April

Monday and Tuesday:

Revise pages 1,2,3 and 4.

Parent: Go through pages 1,2,3 and 4 with your child.

Learner: Learner practice the sounds by writing it in the big homework book.

Parent: Asks a test on these sounds.

Learner: Writes the test. Practise mistakes until he/she knows it.

Week: 28 – 30 April

Monday till Wednesday:

Parent: Revise the a,e,i,o,u words with your child.

Learner: Writes and practice a,e,i,o,u words.

Parent: Asks a **test** on these words.

Learner: writes the test and practice mistakes.

Thursday:

Parent: Explain the meaning of each word  
Sound each word for your child.

Learner: Sound and read each word.

Write each word 3x in your book homework book.

cry	why
sky	spy
shy	fly
try	my
fry	by

Friday:

Parent: Go through the words once again with your child.

Learner: Sound the words to parent.

Parent: Ask all ten words as a test, shuffle the order.

Learner: Writes the test. Practise mistakes.

Reading: The focus is on word recognition and fluency.

Week: 20 – 24 April (In Eng.File of learners)

Parent: Revise the vocabulary list of "The sunflower" with your child.

Learner: Practise the vocabulary of "The sunflower". Must be able to read the words fluently.

Parent: Read "The sunflower" with your child. Pay attention to fluency, take punctuation into consideration and read using your voice.

Learner: Read "The sunflower" on your own for your parent

Week: 28 – 30 April (In Eng.File of learners)

Parent: Revise the vocabulary list of "My Family" with your child.

Learner: Practise the vocabulary of "My Family". Must be able to read the words fluently.

Parent: Read "My Family" with your child. Pay attention to fluency, take punctuation into consideration and read using your voice.

Learner: Read "My Family" on your own for your parent.

Page.2

Writing: The focus is on independent writing of sentences with given words.

Parent: Explains the **structure** of a sentence.

Give attention to capital letters, spacing of words, punctuation.

Learner: Writes sentences with the following words.

May use Eng.File to look up words.

### Monday

- sun
- flower
- yellow

### Tuesday:

- happy
- family
- mother

### Wednesday:

- jersey
- dress
- hat

### Thursday:

- sick
- virus
- hospital

**Independent writing of sentences is very important this term.**

**Please practice extra if your child struggles with it.**

# Wiskunde 20 April – 30 April 2020

## Tel:

- Tel voorwerpe 0 – 100 (Tel enige iets)
- Tel in 1, 2, 5, 10 tot 150
- Tel in 3's and 4's tot 48

## Hoofreken:

<https://www.topmarks.co.uk/mathsgames/daily10>

- Dit is 'n engelse webtuiste, maar die werk kan deur Afrikaanse kinders ook gedoen word met hulp.

## Getalname en getalsimbole:

- Oefen getalname tot 50
- Oefen getalsimbole tot 150

## 2D vorms en 3D voorwerpe:

- Identifiseer vorms en voorwerpe in en om die huis
- Oefen om die name te spel
- Knip vorms en voorwerpe uit tydskrifte ens.

## Aanwysings en posisie:

- Skryf aanwysings neer vir u kind om rondom die huis te volg. Gebruik die woorde links en regs.
- Vra u kind om bo-op, langsaan, agter ens iets te staan.
- Teken die verskillende aansigte van speelgoed, kombuisitems, die motor ens.

## Patrone:

- Maak jou eie patronen deur items in 'n patroon te pak.
- Teken patronen met vorms op papier.

## Life Skills 20 - 30 April 2020

<p><b><u>Day 1 / Dag 1</u></b></p> <p><b>PT</b> - Dribbling a big ball with your feet over a distance of about 10 big steps through 2 markers and back. Repeat 5 times.</p> <p>Dribbel 'n groot bal met jou voete oor 'n afstand van omtrent 10 groot tree tussen 2 bakens deur en terug. Herhaal 5 keer.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p><b>Follow the slides of the PowerPoint included – words in red are things to remember</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 1-2</p>	<p><b><u>Day 2 / Dag 2</u></b></p> <p><b>PT</b> – Same as day 1.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 3, repeat 1-2</p>	<p><b><u>Day 3 / Dag 3</u></b></p> <p><b>PT</b> – Bounce a big ball with one hand running over a distance and round a beacon and back; change hands and go again. Repeat. Bons 'n groot bal met een hand terwyl jy oor 'n afstand hardloop om 'n baken en terug; ruil hande. Herhaal.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 4, repeat 1-3</p>	<p><b><u>Day 4 / Dag 4</u></b></p> <p><b>PT</b> – Same as day 3.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 5, repeat 1-4</p>
<p><b><u>Day 5 / Dag 5</u></b></p> <p><b>PT</b> – Skipping with a rope on one spot. Count how long you can last. Try to improve your effort. Spring met 'n springtou op een plek. Tel hoe lank jy kan uithou. Prober om elke keer te verbeter.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 6, repeat 5</p>	<p><b><u>Day 6 / Dag 6</u></b></p> <p><b>PT</b> – Same as day 5.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 7, repeat 5-6</p>	<p><b><u>Day 7 / Dag 7</u></b></p> <p><b>PT</b> – Skipping with a rope over a distance round a marker and back. Repeat 5 times. Spring met 'n springtou oor 'n afstand, om 'n baken en terug. Herhaal 5 keer.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: slide 8, repeat 5-7</p>	<p><b><u>Day 8 / Dag 8</u></b></p> <p><b>PT</b> – Same as day 7.</p> <p><b>Lesson –</b></p> <p>What to know about farm animals: review slide 1-8</p>

**Daaglikse skedule vir voltooiing van werk / Daily schedule for completion of work:**

**20 – 24 April 2020**

	<b>Maandag Monday 20 April 2020</b>	<b>Dinsdag Tuesday 21 April 2020</b>	<b>Woensdag Wednesday 22 April 2020</b>	<b>Donderdag Thursday 23 April 2020</b>	<b>Vrydag Friday 24 April 2020</b>
<b>Huistaal</b>	Luister en Praat Klanke Lees	Lees Handskrif Skryf en Taalstruktuur Klanke	Luister en Praat Klanke Lees	Lees Handskrif Skryf en Taalstruktuur Klanke	Lees Klanke (toets) Skryf en Taalstruktuur
<b>Additional Language</b>	Phonics Reading	Listening and speaking	Phonics Reading	Listening and speaking	Writing (sentences) Phonics (Test)
<b>Wiskunde</b>	Tel Hoofreken Getalname en getal simbole bl. 10 2D en 3D	Tel Hoofreken Beskryf, orden en vergelyk bl. 1 Patrone	Tel Hoofreken Ontbinding bl. 2 Optel en Aftrek bl. 3	Tel Hoofreken Geld bl. 4 Tyd bl. 5	Tel Hoofreken (toets) Verdubbel bl. 7
<b>Lewensvaardigheid</b>	Dag 1	Dag 2	Dag 3	Dag 4	Dag 5

## Daaglikse skedule vir voltooiing van werk / Daily schedule for completion of work:

28 – 30 April 2020

	<b>Maandag Monday 27 April 2020</b>	<b>Dinsdag Tuesday 28 April 2020</b>	<b>Woensdag Wednesday 29 April 2020</b>	<b>Donderdag Thursday 30 April 2020</b>	<b>Vrydag Friday 1 May 2020</b>
<b>Huistaal</b>	<b>Publieke vakansiedag</b>	Lees Handskrif Skryf en Taalstruktuur Klanke	Luister en Praat Klanke Lees	Lees Handskrif Skryf en Taalstruktuur Klanke	<b>Publieke vakansiedag</b>
<b>Additional Language</b>		Listening and speaking Sentence writing Phonics	Phonics Reading	Listening and speaking Reading Sentence writing	
<b>Wiskunde</b>		Tel Hoofreken Ontbind bl. 8 Woordprobleme PowerPoint 1	Tel Hoofreken Getalblok bl.9 Meer / Minder bl. 6	Tel Hoofreken Tyd bl. 12 Woordprobleme PowerPoint 2	
<b>Lewensvaardigheid</b>		Day 6	Day 7	Day 8	